Aktiwiteite om die beperkings wat 'n FAS-kind of -volwassene in sy lewe mag ervaar, prakties te demonstreer. Hy wil graag sekere dinge doen, maar hy kan nie of vind dit uiters moeilik om sekere aktiwiteite uit te voer. Alkohol tydens swangerskap 'strem' die kind.

Instruksie van die programfasiliteerder: "Draai in die rondte".

FAS feite:

- ✓ FAS is 100% voorkombaar.
- ✓ FAS is die hoof oorsaak van verstandelike gestremdheid.
- ✓ Alkohol gedurende swangerskap veroorsaak permanente brein skade.
- ✓ Daar is geen veilige perk van alkoholgebruik tydens swangerskap nie.
- ✓ Selfs net een drankie kan die gesondheid van die ongebore baba aantas.
- ✓ FAS is 'n lewenslange, onsigbare en onomkeerbare gestremdheid.
- ✓ Simptome kan eers op die ouderdom van 3 – 4 jaar herken word.
- ✓ FAS kom onder alle rasse en alle sosio-ekonomiese groepe voor.
- ✓ Daar is geen genesing vir FAS nie.

Swanger? **Moenie Drink Nie!**
Kan jy swanger word?
Moenie Drink Nie!

Alle FASfacts-programme het die volgende ten doel:

- ❑ Tienermeisies **neem die besluit om geen alkohol te drink** terwyl hulle swanger is, of wanneer hulle beplan om swanger te raak nie. Volwasse vroue neem die besluit om nie alkohol te drink wanneer hulle 'n baba beplan of terwyl hulle swanger is nie.

- ❑ Tienerseuns neem reeds die besluit op 'n jong ouderdom **om hulle meisies/vroue te ondersteun** om geen alkohol te drink tydens hulle swangerskap nie. Volwasse mans neem die besluit om hulle **vroue/lewensmaats te ondersteun** in hulle besluit om geen alkohol te drink terwyl hulle swanger is of 'n baba beplan nie. 'n Baie effektiewe metode vir mans is om self geen alkohol te drink gedurende hulle vroue se swangerskappe nie.

Hoe vroeër en meer gereeld tieners en volwassenes hierdie belangrike en positiewe besluite neem, hoe beter is die kanse dat hulle hulself werklik gedurende swangerskap van alkohol sal weerhou. Dit sal dan weer tot 'n defnitiewe afname in die voorkoms van FAS lei.

Hoe kan u deel word van die FAS-voorkomingsprogram?

- Om die FAS-voorkomingsprogram te implementeer, het FASfacts **finansiële ondersteuning** nodig. Enige donasie is welkom en sal ons help om die probleem aan te spreek. Bankbesonderhede: FASfacts, ABSA, Tjekrek 4056484460, Takkode 632-005.
- **Dra** asseblief die FAS-**boodskap uit**.
- Bring ons in aanraking met **moontlike donateurs**.

Dankie dat u *praat namens hulle wat nie self kan nie.*

HOOFKANTOOR
Uitvoerende Hoof
Francois Grobbelaar
info@fasfacts.org.za
+27 (0) 23 342 7000 t
+27 (0) 23 342 7001 f

GELOOFSGROEPE EENHEID
Bestuurder
Ds Jan Ungerer
janungerer@fasfacts.org.za
+27 (0) 23 342 7000 t
+27 (0) 23 342 7001 f
+27 (0) 83 320 4553 s

www.fasfacts.org.za

Swanger?

Moenie drink nie!

VISIE:
Ons het 'n visie dat kinders gebore word sonder Fetale Alkohol Sindroom.

MISSIE:
FASfacts implementeer programme en veldtogte om die voorkoms van Fetale Alkohol Sindroom te verminder.

FASfacts
Ons praat namens hulle



Wat is Fetale Alkohol Sindroom?

Fetale Alkohol Sindroom (FAS) is 'n tipiese patroon van fisiese en verstandelike geboortegestremdhede a.g.v. alkoholgebruik deur die swanger vrou.



'n Normale brein teenoor 'n beskadigde FAS-brein

1 Die voortgesette fokus van navorsing gedoen in gemeenskappe soos Wellington (Wes-Kaap), De Aar en Upington (Noord-Kaap) het die omvang van die FAS-probleem in Suid-Afrika beklemtoon. Die erns van die **potensiële krisis** wat die land in die gesig staar word deur die De Aar-projek geïllustreer: FAS kom hier by 122 uit elke 1000 skoolkinders voor, dus 12,2%. Dit is die **hoogste voorkoms** nog gerapporteer onder 'n enkele groep in die wêreld. (www.farr-sa.co.za). Die voorkoms van Fetale Alkohol Blootstelling of "Exposure" (FAE), is altyd baie hoër as die FAS-syfer. In bogenoemde areas selfs tot 5 keer hoër. Dus is 'n onbekende getal kinders a.g.v. die moeder se alkoholgebruik reeds voor geboorte aangetas. In sekere hoë risiko areas soveel as 40 – 75%!

2 Die voorkoms van FAS in lande soos Amerika wissel tussen 0,1 – 0,8%.

"Drinking during pregnancy is linked with disaster – personal disaster for the 'bright-eyed ones,' disaster for their families and their hope for their young, and disaster for . . . society as we struggle to pay the huge price of this destruction." - Dr. Ann Streissguth, Ph.D.

3 FAS is die grootste oorsaak van verstandelike gestremdheid in die meeste industriële lande. FAS hou ook direk verband met die hoë voorkoms van **ernstige misdaad**, **HIV/vigs** & **dwelmverslawing** omdat die FAS-kind/volwassene nie drangkontrole het nie. Dit wat hulle voel, dit doen hulle.

4 FAS is meer as net 'n gestremdheid – dit is 'n sosiale euwel wat baie van die ekonomiese probleme veroorsaak waardeur regerings en samelewings geteister word. Elke persoon in die samelewing word op finansiële sowel as persoonlike vlak deur die sekondêre gestremdhede en gevolge van FAS geraak: **leerprobleme**, **vroeë skoolverlating**, **ernstige misdaad**, **armoede**, **kroniese werkloosheid**, **seksuele misdrywe** (promiskuïteit, tiener- en ongewenste swangerskappe, prostitusie, seksuele geweld, kindermolestering, verkragting, sodomie), **VIGS**, **geestesversteurings**, **haweloosheid**, **geweld**, **diefstal**, **moord**, **bendebedrywighede**, **alkoholisme**, **dwelmmisbruik** en **dwelmsmokkelary**.

5 **FAS is 100% VOORKOMBAAR, maar ONGELUKKIG IS FAS OOK 100% ONGENEESLIK!**

6 Daar is min **sosiale aanvaarding** van mense met FAS. Oor die algemeen het ons samelewing min begrip met die duisende individue wie se beskadigde breine die oorsaak is van hulle lewe van misdaad, haweloosheid en verslawing. Ons aanvaar eerder dat hulle kies om so op te tree. Min mense besef dat die weerbarstige tiener, die verslaafde prostituut, die hawelose bedelaar, of die man wat aangekla word omdat hy sy meisie se baba vermoor het, moontlik so optree weens **ernstige permanente breinskade** wat opgedoen is in fetale stadium a.g.v. hul moeder se alkoholgebruik tydens swangerskap.

7 FAS voorkomingsprogramme en behandelingsprogramme vir vroulike alkoholiste kan die voorkoms van FAS **dramaties verminder**.

8 Vroeë diagnose en nuwe terapietegnieke, mediese behandeling, opvoeding en behuisingsfasiliteite kan mense met FAS die geleentheid bied om **produktiewe lewens te lei** en ons land miljoene rande spaar wat eerder vir ander gestremdhede gebruik kon word. 'n Beskutte werksomgewing met lewenslange toesig en mentors sal ook 'n positiewe bydrae lewer tot FAS-geaffekteerdes se lewensomstandighede.

9 Verstandelike / neurologiese skade is **onomkeerbaar** en kan nie herstel word nie.

10 Die FAS-kind/volwassene het nooit 'n keuse gehad of hy/sy die alkohol in sy/haar swanger moeder se baarmoeder wou inneem nie. Hierdie besluit is deur die moeder vir die kind geneem. Dit kan beskou word as een van die ergste vorms van **kindermishandeling** en menseregte skending!

11 FAS is een van die **prioriteit areas** van die Departement Gesondheid.

FASfacts se FAS-voorkomingsmodel: Ervaringsleer Metodiek

Nadat verskeie modelle ondersoek is, het FASfacts besluit om van die Ervaringsleermodel gebruik te maak om die uiters noodsaaklike FAS-boodskap op plaaslike sowel as nasionale vlak aan die volgende groepe in die gemeenskappe oor te dra:

- Graad 6 & 7 leerders: 4 Modules van 1¼ uur elk
- Graad 10 & 11 leerders: 1 uur Module
- Werkende jeug, volwassenes en ouers op plase, in landelike en stadsomgewings, sowel as sjebien eienaars.
- FAS-raps & FAS-PSA's (bewusmakingsadvertensies) op gemeenskapsradiostasies.
- Hierdie gemeenskappe word vanaf satellietkantore bereik.